City Books: Grahamstad

Intieme portrette van ‘n stad

Hierdie Donderdag en Vrydag lees van die land se top skrywers hulle stories oor Grahamstad by die nasionale kunstefees. Dit vorm deel van ‘n internasionale projek met die naam City Books. Die City Books stories is spesiaal geskryf vir die geleentheid, en vertel die verhaal van die skrywers se intieme verhouding met die stad. Die stories is in beide Engels en Afrikaans . Tussen die stories word verskeie een minuut films gewys wat tonele oor Grahamstad in die feestyd weerspieel. Die films is gemaak deur student van Rhodes se department van joernalistiek.

Na die vertoning sal die stories as audioboeke op deBuren se webwerf verskyn, wat enige iemand kan aflaai en op hulle rekenaars of iPods na kan luister. Die stories word ook vertaal in Nederlands, Frans en Spaans. In ‘n soortgelyke projek laasjaar was daar meer as 9000 kopies van die Suid-Afrikaanse stories van die webwerf afgelaai . Ander stede wat die City Books publikasies op die webwerf aanvul is Utrecht en Ostend en binnekort ook Bugarest, Tbilisi, Graz, Chartres en Potsdam.

Grahamstad mag dalk nie in alle oë ‘n volwaardige stad wees nie omdat dit so klein is, maar dit voldoen wel aan die middeleeuse definisie danksy die mini-katedraal in die hoofstraat. Die stad vervul immers ook ‘n baie belangrike kulturele rol in die land danksy die fees.

Die Suid-Afrikaanse City Books skrywers het hulle skryfstyl spesiaal aangepas vir hardop lees. Ingrid Winterbach se storie *Oorblyfsels* handel oor haar besoeke aan haar dogter en bring stories van oeroue fossiele en oorskiedkos tesame. Toast Coetzer beleef ‘n heel ander Grahamstad. Ronelda Kamfer en Ingrid se dogter Brink Scholtz lees ook hulle stories.

City Books val onder die vaandel van die Vlaams – Nederlandse kultuurorganisasie *deBuren* wat Vlaams is vir ‘die bure’. Dorian van der Brempt van *deBuren* beskryf die projek as ‘n intervensie in die modern kitskos kultuur, en ‘n terugkeer na die intieme praktyk van luister en vertel. Hulle speel met oud en nuut deur ou kultuurvorme met modern tegnologie weer lewe in te blaas. deBuren het ‘n spesiale belangstelling in Afrikaans, en dis juis hoekom baie van die stories ook in Afrikaans is.

Daar is twee City Books programme oor twee aande in Grahamstad met verskillende skrywers elke dag. Die program is gratis. Dit vind plaas in die Oatlands Skoolsaal net verby die verkeersirkel in African Straat om sesuur, Donderdag 1 Julie en Vrydag 2 Julie.

Program 1:

Donderdag 1 Julie

18h00 Opening deur Dorian van der Brempt

18h05 Storie deur Ronelda Kamfer

18h35 City One Minutes – films oor Grahamstad PM

18h50 Storie deur Ingrid Winterbach

19h10 Einde

Programme 2:

Friday July 2nd

18h00 Opening deur Dorian van der Brempt

18h05 Storie deur Brink Scholtz

18h35 City One Minutes – films oor Grahamstad AM

18h50 Storie deur Toast Coetzer

19h10 Einde

Kontak details:

Dorian van der Brempt (deBuren) +32498645842 Dorian@deburen.eu

Brink Scholtz: 0737873426

Alette Schoon: 0832309206 (Rhodes Departement van Joernalistiek)

Lees hier meer oor City Books:

http://www.deburen.eu/en/city-books

Lees meer oor laasjaar se projek:

http://www.radiobooks.eu/zuidafrikaradioboeken.php?lang=EN

Luister na meer as 'n honderd stories in Vlaams en Nederlands hier:

http://www.radiobooks.eu

Meer oor deBuren:

http://www.deburen.eu/en/about-deburen